Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

1 OKTOBER 2017

GEMEENTEBULLETIN

REFORMEREND VORENTOE

OGGENDDIENS

Rede tot trots . . .
Filippense 2:5-16

KRUISDIENS

Riglyne vir die Christelike lewe

Romeine 12:9-21

DEUROFFER

Alta du Toit Nasorg

EREDIENSTE

			1 Oktober (Doop)		8 Oktober	
09:00	Kerk	Oggenddiens	Ds. Visagie	5	Ds. Visagie	1
09:00	Kleinsaal	Gesinsdiens	Geen diens	-	Geen diens	-
09:00	Kapel	Meditatief	Geen diens	-	Geen diens	-
18:00	Kerk	Jeugdiens	Geen diens	-	Geen diens	-
19:00	Kapel	Kruisdiens	Ds. Breytenbach	13	Philipp Dietmann	11

EREDIENSTE IN OKTOBER 2017

Om die Feesmark te akkommodeer, verskuif die **Gesinsdiens** vir Sondag 15, 22 en 29 Oktober na die kerk en sluit by die bestaande Oggenddiens aan. Dié gekombineerde erediens sal vir oud en jonk (gesinne, laerskoolkinders, ens) ingerig word. Die **kleuter– en peuterkerk** verskuif vir dieselfde tydperk na die Komiteekamer.

Die markplein kuierarea verskuif na die tent. Kom kuier na eredienste saam met ander lidmate. Filterkoffie, tee, eetgoed, cappuccino's en latté's sal te koop wees.

FEESMARK 18 OKT TOT 4 NOV

Die Feesmark begin op Woensdag 18 Oktober. Dit is jaarliks een van ons gemeente se grootste projekte en 'n hoogtepunt op ons kalender. Die restaurant en mark met meer as 350 uitstallers kan weeksdae vanaf 10:00 tot 20:00 en Saterdae vanaf 09:00 tot 18:00 besoek word. Nooi gerus jou vriende om al die kreatiwiteit te kom aanskou, of kuier lekker saam in die restaurant. Ligte etes, aand- en middagetes asook buffet-etes word in die restaurant bedien.

LUISTER EN LEEF VROUEKAMP

Plek: Die Eiland, Jonkershoek

Tema: Lewende Water

Datum: 20 - 22 Oktober

Koste: R400 Besprekings: aletta@vdv.house / 082 293 1789

HULP BY DIE KAFETERIA

Ons benodig vrywillige helpers wat twee keer per kwartaal 'n diensbeurt in die kafeteria vanaf 08:30 tot 11:00 kan waarneem. Die diensbeurt behels die verkoop van eetgoed en die bedien van koffie en tee. Jy hoef nie skottelgoed te was nie. Kontak asb. vir Sanèl by 021 976 4519 / sanel@stellenberg.co.za indien jy kan help.

GEBEDSGROEP

Ons nooi alle lidmate om in te skakel by ons informele gebeds-byeenkoms elke Dinsdagaand om 19:00 in die kapel. As jy by die WhatsApp-gebedsgroep wil aansluit, stuur asb. jou nommer en naam na 082 877 9773 (Retha).

ONS BID VIR MEKAAR

- Donald Black, Bonne Esperance, Ridgeworth - sterk tuis aan na hospitalisasie.
- Johan Neethling, Melinastraat, Rosendal - ontvang bestraling.

VAKATURE - DS. GERICKE SE POS

Ds. Bremer Gericke se pos word nou geadverteer met die oog op werwing van aansoeke. 'n Nuwe leraar sal teen November beroep word met diensaanvaarding Januarie 2018. Lidmate het ook geleentheid om kandidate vir die vakature te nomineer. Indien jy 'n leraar wil nomineer, rig asb. voor 6 Oktober 'n e-pos aan stellenberg@stellenberg.co.za

STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

Die sentrum bied terapeutiese dienste. Kontak hulle gerus om 'n afspraak by enige van die volgende professionele persone te maak:

- Kliniese Sielkundige
- Lewensafrigter
- Mediator

021 976 8029
sos@stellenberg.co.za

SAMARITAAN

Die Samaritaan sal op 15 Oktober en 5 November verskyn. Plaas asb. ad-vertensies betyds. Koste: R2 per woord afgerond tot die naaste 10.

KLEINGROEPE@STELLENBERG

Indien jy belangstel om by 'n kleingroep (gesinsgroep, gebedsgroep, groep vir afgetredenes/jongmense) in die gemeente in te skakel, stuur 'n e-pos na navrae@stellenberg.co.za.

Indien jy reeds by 'n kleingroep ingeskakel is, laat weet ons gerus van jou groep by navrae@stellenberg.co.za

DR. RICHARD BLACKABY

Dr. Richard Blackaby, medeskrywer van "Beleef God", besoek op 11 en 12 Nov. ons gemeente. Saterdag 11 Nov om 08:30 tot 12:30: Geestelike leierskap @ R100 pp & Sondag 12 Nov om 09:00 in die kerk.

DOOP VANDAG

- Rudolph en Elma Filmalter, Echaristis 13, Durbanville, laat doop vir Joshua Filmalter.
- Harold en Léta Myburgh, Montaguestraat 13, Stellenryk, laat doop vir Jacobus Myburgh.

VERVOER VANAF GEORGE

Daar is heelwat oorskot kospakkies wat saamgestel was vir die slagoffers van die Knysna brande. Ons is dringend opsoek na vervoer vanaf George na Stellenberg om die kospakkies hierheen te bring. Kontak asb. vir Milda by milda@stellenberg.co.za of 021 976 4519.

SAAMRYGELEENTHEID

Een van die gemeente se terreinwerkers is dringend op soek na 'n saamrygeleentheid weeksdae, vanaf die Paarl na Stellenberg. Kontak asb. vir Hanlie by hanlie@stellenberg.co.za indien jy 'n geleentheid of hulp kan aanbied.

OOM TIENIE DOEN DIT WEER

Die 86-jarige oom Tienie van Zyl, oudste lid van Bellville atletiekklub, gaan weer vir die Ruyterwacht Senior Sentrum fondse insamel. Hy gaan op 4 Oktober deelneem aan die Bakgat 10 km padwedloop en vra vir borgskappe ten bate van etes vir seniors van Ruyterwacht senior sentrum.

Bankbesonderhede :

Absa, Parow, Tjekrekeningnr 390169582
Rekeninghouer : Ruyterwacht senior sentrum.

Verwysing : Tienie borg

REFORMASIE FEESWEEK 5 TOT 12 NOV

- **Feesdiens** op Sondag 5 November om 09:00 in die kerk. Dr. Robert Vosloo verbonde aan die Universiteit van Stellenbosch, Teologiese Kweekskool is die gasprediker.
- **Tafelgesprekke** met bekende sprekers op 6, 8 en 9 Nov. Kaartjies beloop R100 p.p. per aand en al drie aande @ R250 per persoon. Dit sluit wyn, sap, koffie en 'n vingerete in. Daar is net 100 kaartjies per aand beskikbaar.

6 Nov 18:30: Reformasie & ekonomie – Prof. Piet Naudé

8 Nov 18:30: Reformasie & onderwys – Prof. Michael le Cordeur

9 Nov 18:30: Reformasie & demokrasie – Aartsbiskop Thabo Makgoba

- **Feeskonsert** 12 November van 19:00 tot 20:00 met Zorada Temmingh (orrelis) en die US Konservatorium Kamerkoor onder leiding van Martin Berger. Kaartjies R50 per persoon. Alle kaartjies is weeksdae by die kerkkantoor tussen 08:00 en 13:00 te koop, of Sondae na die oggenddienste by die inligtingstafel. Sien www.stellenberg.co.za en neem 'n reformasiepamflet in die voorportaal met volledige inligting oor die Feesweek.

LEESROOSTERS KAN NOU BESTEL WORD

Leesroosters 2018, wat gebruik kan word in die lees van die Bybel en wêreldwyd deur kerke gebruik word, kan @ R80 elk bestel word. Stuur 'n epos aan navrae@stellenberg.co.za om bestelling te plaas of kontak Karin by 021 976 4519 voor einde Oktober.

NG GEMEENTE SONSTRAAL BIED AAN

80's Dans

Vrydag, 6 Oktober 2017

19:00 by Curro skoolsaal

R150 pp

Tema en kleredrag: 80's

Bring jou eie drinkgoed en glase.

Bespreek jou plek by Liezl du Plessis, 082 501 5917 of kom koop jou kaartjies by die NG Gemeente Sonstraal kerkkantoor.

BREIGROEP

Ons ontmoet weer op Maandag 2 Oktober om 09:30 in die Markplein om serpe te brei.

WOLSKENKINGS

Ons breigroep benodig enige bydraes van afval-wol. Hulle brei reeds vir die winteruitreike van 2018. Hartlik dankie aan die persoon wat 'n boks wol geskenk het. Dit word baie waardeer. Die breigroep sal dit vir die brei van serpe en musse benut.